

**Vreugde-diens**

Vir baie van die Israëliete was dit nie maklik om by die tempel van die Here in Jerusalem uit te kom nie. Dit was 'n reis wat 'n paar weke in beslag kon neem. Daarby was die meeste mense bestaansboere en het hulle nie baie gehad waarvan hulle kon leef en waarmee hulle op reis kon gaan nie. Ons lees byvoorbeeld dat Samuel se ouers hom maar een keer per jaar by die tempel kon kom besoek. Uit die weergawe van Jesus se besoek aan die tempel as twaalfjarige kind, blyk ook dat besoeke aan Jerusalem 'n tydrowende saak is wat nie baie onderneem kon word nie. Daarom was dit vir gelowiges 'n baie spesiale geleentheid wanneer hulle na die huis van die Here in Jerusalem kon gaan. Die vreugde van hierdie kosbare geleentheid om met medegelowiges saam te kom om die Here te dien, verwoord Dawid onder die leiding van die Heilige Gees in hierdie psalm as hy sê (vs. 1): "Ek was bly toe hulle vir my gesê het: 'Kom ons gaan na die huis van die Here toe.'"

Jerusalem was vir Israel beeld van baie dinge. Maar die belangrikste was dat hulle hierheen gekom het om die Here te ontmoet. Daarom beklemtoon die psalm (vs. 4): "Dit is 'n voorskrif vir Israel om die Naam van die Here hier te loof." Om die rede vra die psalmdigter (vs. 6): "Bid dat Jerusalem vrede mag hê ..." Verderaan bid hy self (vs. 9): "Ter wille van die huis van die Here ons God bid ek dat dit met jou goed sal gaan."

In die Nuwe Testament word die diens van die Here nie tot een plek beperk nie, maar word ons opgeroep om waar ons ook al woon, gereeld met gelowiges saam te kom om saam "die Naam van die Here ... te loof" (vs. 4). Laat ons dan ook elke keer bly en dankbaar dit opvolg wanneer die oproep kom: "Kom ons gaan na die huis van die Here toe."

*Sing: Psalm 122:1*

*Dr Henk Stoker (Rietvallei)*